STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

4 FEBRUARIE 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENS

'n Ontmoeting met die onsienlike God.

(Hebreërs 11: 1-18 en 12:1-3 Johannes 20)

GESINSDIENS

Ek kan nie sien nie ...

(Hebr. 11:1)

BLOKDIENS

'n Geloof en hoop wat ons laat beweeg

(Hebr 11 & 12)

JEUGDIENS

God se Woorde

(2 Tim. 3:16-17)

DEUROFFER

Zimbabwe/Malawi/ Mosambiek

EREDIENSTE

			4 Februarie		11 Februarie	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Dr. Hanekom	1	Ds. Breytenbach	3
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Kotze	8	Ds. Kotze	9
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Ds. Duvenhage	-
09:00	Grootsaal	Blokdiens	Ds. Breytenbach	-	Ds. Visagie (Klouterkerk)	
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Philipp Dietmann	11	Ds. Breytenbach	12

NUWE LERAAR

Die pre-advies komitee het weer 'n nuwe kortlys vanuit aansoeke en nominasies saamgestel. Onderhoude is Woensdagaand gevoer en Donderdagaand, tydens 'n kerkraadsvergadering, is ds. Pieter Roeloffse van NG Kerk Prins Alfred Hamlet beroep. Die approbasietydperk waartydens die beroep bekend gemaak moet word, verstryk op 15 Februarie. Daarna ontvang hy 'n beroepingsbrief en hy het dan weer twee weke om finaal te antwoord.

HALFWEEK VAN GEBED

11 tot 14 Februarie om 19:00 in die Kleinsaal. Dié byeenkomste word deur dr. Francois Carr gelei. Dr. Carr is 'n bekende en dinamiese spreker. Moenie die geleentheid misloop nie.

ELKE DRUPPEL IS BELANGRIK

In die lig van die heersende watertekort versoek ons lidmate om nie meer hande by handewasbakke met water te was nie, maar eerder die beskikbare reinigingsmiddel te gebruik. Gebruik net een druppel, anders maak dit die hande taai. Ouers moet asb. ook leiding aan kinders in die verband bied. Spoel toilette ook oordeelkundig asseblief.

[ONS GLO . . .]

REGISTRASIE JEUGKLEINGROEPE

Vandag is die laaste geleentheid vir registrasie om by die jeugkleingroepe in te skakel.

Voorskool tot graad 7: 10:00 in die kafeteria (voor grootsaal).

Graad 8 tot 11: 19:00 in die kerk, na afloop van die jeugdiens.

JEUGDAGBOEK

- KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar. Kontak Peter by 073 262 3848 indien jy wil inskakel.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- BELYDENISAFLEGGING: Daar is geleentheid om belydenis af te lê op Sondag 4 Maart. Kontak Sunet by sunet@stellenberg.co.za om die nodige administratiewe reëlings te tref.

PEUTER– EN KLEUTERKERK

Ons nooi maats tussen 3 en 6 jaar oud om by die Peuter– en Kleuterkerk aan te sluit. Elke Sondag, tydens skoolkwartale, vanaf 09:00 tot 10:00 in die grootsaal. Ons leer saam lesse uit die Bybel met lekker aktiwiteite wat daarmee gepaard gaan.

ALIVE KRY NUWE LEWE

Alive word vernuwe! Alle studente en jongwerkendes word uitgenooi om vanaand 16:45 in die jeuglokaal na 'n gasspreker te kom luister. Moet dit nie misloop nie. Ons gaan groot in 2018!

MEESTERKLAS VIR BESIGHEIDSEIENAARS

Doelwitte is die G.P.S. van jou besigheid. Kom leer hoe om:

- Besigheids– en persoonlike doelwitte te stel.
- Neurowetenskappe in te span in effektiewe besluitneming.

Datums: 6 OF 7 Februarie - kies een van die sessies, om 12:00 tot 14:00 in die Markplein - gratis. Besprekings: sos@stellenberg.co.za / 021 976 8029

JEUGKLEINGROEPE LOKALE

Graad 1-4: Kleinsaal
Graad 5-7: Kerk
Graad 8: Grootsaal
Graad 9: Jeuglokaal
Graad 10: Kerk
Graad 11: Kleinsaal

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

GRAAD 6 EN 7 KAMP

Brenda Visser en haar span helpers het vanaf Vrydag 2 Feb. tot vandag met 'n groep van 60 kinders by die Simonsberg kampeerterrein in Stellenbosch kampeer. Hulle kamptema was: Voluit vir Jesus!

FOKUSPROGRAM 2018

Ons is opgewonde om gedurende Lydenstyd vanaf 11 Feb tot 26 Mrt vir lidmate 'n spesiale fokusprogram aan te bied.

Tema: 'n Vrygewige lewe. Hoe skakel jy in:

- Woon sewe eredienste by.
- Woon vir ses weke studiegeleenthede in kleingroepe by, of ons spesiale grootgroepbyeenkomste wat gedurende die ses weke op Donderdagaande aangebied sal word, of werk die studiemateriaal op jou eie deur.
- Bring weer 'n rooi kruis teen jou voordeur of sigbare plek in jou huis aan. Daar sal vanaf 11 Feb. nuwe kruise beskikbaar wees.
- Sondag 25 Mrt - Tydens die groot Lydensweek vier ons Jesus se intog in Jerusalem met 'n groot gesamentlike diens in die kerk.

Studiemateriaal is vanoggend beskikbaar by inligtingstafels, of deur die week by die kerkkantoor.

VATVYF - UITSTAPPIE 6 FEBRUARIE

Ons beplan 'n uitstappie na Kirstenbosch Botaniese Tuin op **Dinsdag, 6 Februarie.** Koste: R20 per persoon. Bring saam: **ID boekie** en 'n piekniekmandjie met eet– en drinkgoed. Bussies sal 08:30 vertrek en ons sal na 14:00 terug wees. Bespreek jou plek by Karin 021 976 4519.

DIE KUIERBASAAR VRYDAG 2 MAART

Ons is afhanklik van lidmate se hulp by die basaar. Teken asb. jou naam op die lyste in die voorportaal van die kerk of by die inligtingstoonbank aan indien jy bereid is om behulpsaam te wees, of 'n bydrae wil maak.

KOSPROJEK INSAMELING

Die volgende insameling is op 27 Februarie. Gee bydraes van niebederfbare produkte asb. by die kerkkantoor af voor of op 27 Feb.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

8 Februarie om 15:00 en 15:45 – Job no. 7 uit Job 15 – 17 : Die volgende rondte ... Job versus die vriende!

KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

BREIGROEP

Ons kom weer op 5 Feb. om 09:30 in die kafeteria bymekaar. Bring gerus 'n vriendin saam. Kontak Ria McMicken by 083 519 0602.

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za

KLOUTERKERK 11 FEBRUARIE

Klouterkerk word sporadies om 09:00 in die grootsaal aangebied. Die hele gesin, veral die babas en kleuters is welkom. Hou gerus die bulletin en erediensrooster op die webwerf dop vir datums. Datums vir Klouterkerk in 2018 is: 11 Feb, 11 Mrt, 6 Mei, 27 Mei, 19 Aug, 14 Okt en 11 Nov.

DOOP VANDAG

- Pierre-Ben en Nanette de Villiers, Patulasingel, Langebergridge laat doop vir Biènne de Villiers.
- Christof en Marilie Kotze, Soetdoring, Vredekloof, laat doop vir Catharina Maria Kotze.
- Adriaan en Hanli Lombard, Pinehurst, laat doop vir Niklaas Gideon Johannes Lombard.

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Ds. Nioma Venter, Predikant in Sinodale Diens: Diaconia is die spreker by ons Wêreldbiddag vir Vroue op Donderdagaand 1 Maart om 19:00 in die kerk. Sy is 'n opgeleide Maatskaplike Werker en was voorheen predikant in Prieska en Worcester. Sy is getroud en 'n ma van twee kinders.

HELP ASSEBLIEF

- **Helpers by die kafeteria:** Indien jy bereid is om een / twee keer per kwartaal vanaf 09:00 tot 11:00 op 'n Sondagoggend 'n diensbeurt by die kafeteria te neem, kontak asb. vir Sanel by sanel@stellenberg.co.za (Jy hoef nie skottelgoed te was nie).
- **Eredienswerkers:** Ons kort eredienswerkers by al die eredienste. Eredienswerkers heet kerkgangers welkom, deel bulletins uit en neem kollekte op. Diensbeurte is gemiddeld een keer per maand. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za
- **Sekuriteitshelpers:** Ons sekuriteitspanne wat weekliks roteer om motors tydens eredienste op te pas benodig helpers. Indien jy bereid is om ongeveer een keer in twee maande 'n diensbeurt waar te neem stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za

GEBEDSGROEP

Dinsdagaand om 19:00 in die gebedskamer. Gebedsversoeke kan via die webwerf www.stellenberg.co.za/gebedsgroep aan die groep gestuur word.

Daar is ook elke Maandag om 09:15 'n vrouebiduur in die gebedskamer.

Almal is welkom.

SNAPSCAN KODE